


PIETER HUGO  
Adjunkdirekteur,  
Munisipale Vervangingsbefondsing



## Rookbreuk

'n Paar dae gelede stop ek en my vrou na werk gou by 'n groot meubelwinkel. Sy hardloop in, want die tyd is min. Ek gaan staan eers om die draai van die winkelingang en steek my broodnodige na-werk sigaret aan.

Net toe kom 'n man by die deur uit. Hy het 'n trollie met 'n plasmaskerm-TV en allerhande verwante 'home entertainment' – apparate. Sekerlik 'n yuppie, klassifiseer ek hom. Toe hy my sien, steek hy vas, huiwer 'n oomblik en kom dan nader: 'I never do this, but I really need a cigarette now. Can I buy one from you, please?'

Ek gee hom een en verseker hom dat dit nie te koop is nie. Die arme man ly duidelik aan skok na sy massa-aankope. Hy vertel hoe hy maande lank gespaar het vir die luukse op sy trollie. Hoe hy nagevors het om uit te vind wat die beste modelle op die mark is wat sy sak pas en toe gesoek het vir die beste pryse.

Tipies bibliotekaris, vertel ek hom van **The road less travelled**, M Scott Peck se populêre sielkundeboek. Peck noem dat die meeste van sy pasiënte wat onmiddellike bevrediging najaag en kitsoplossings vir al hulle probleme soek, dié wat die koekversiering eerste eet, gewoonlik net al meer en al groter probleme ontwikkel. Maar, sê ek, ek sien Peck sal hom 'n klop op die skouer gegee het, want hy is duidelik iemand wat die waarde van uitgestelde vergoeding besef.

Nee, sê hy, hy het nog nie **The road less travelled** gelees nie, maar dit laat hom dink aan ... En net daar langs die winkel deur begin ons leeservarings uitruil dat die rook draai. Het ek al ...? Ja, en as jy dit geniet het, móét jy ...

Van populêre sielkunde kom ons by populêre filosofie. Toe hy sê dat hy **Zen and the art of motorcycle maintenance** nie alleen al dwarsdeur gelees het nie, maar ook al verskeie kere, weet ek hy is 'n ware woordbroeder. Ek vertel van **Zen** se opvolgboek, **Lila**. Ons draai by Tolkien en draf deur fantaseskrywers tot by Terry Pratchett en Robert Rankin. Maak 'n sprong na Ian Rankin en sy vranksoet Rebus-karakter: 'n Systappie bring ons by 'n heel ander soort speurder uit Alexander McCall-Smith se pen.

Toe kan niks ons meer keer nie. Moenie my vra hoe nie, maar ons land by Joseph Heller se **Catch 22**. Ons albei het die aweregse, bittersoet, amper terloopse humor uitermate geniet. Dan sál jy, verseker ek hom, ook Kurt Vonnegut se **Slaughterhouse 5** geniet. Dis nuut vir hom. Hy teken dit aan agterop sy nuwe apparaat se waarborgstrokie.

En wat dan van ... Maar net toe kom Santie uit en sê ons moet nóg 'n plek voor toemaaktyd probeer vang. Toe ons wegry besef ek eers ons het so lekker gesels dat ons onself nooit eers aan mekaar voorgestel het nie.

Iewers in die stad is 'n naamlose yuppie-leesgenoot wat gesorg het vir 'n saamrook wat ek nog lank sal onthou. En die halfuurtjie was natuurlik te kort. Ek het nie eers begin vertel van John Steinbeck se **The grapes of wrath** wat ek nou eers met verdwaasde verwondering lees nie, of gevra of hy al iets van Douglas Adams gelees het, of hy as volwassene al vir **Winnie the Pooh** herontdek het, of hy ...